# Gebedsbulletin No. 45 van 2025

## 23 November 2025

Vaalpark NG Kerk – Geloofsfamilie

Deon Serfontein Sel No.: +27 83-288-7555

# Moenie aan “hubris” ly nie

Hubris is ’n bekende woord in die ou Griekse kultuur. In Handelinge 27 en 2 Korintiërs 12 verwys dit na beledigings, skade en slegte behandeling vanaf ander. In die werke van die groot Griekse denker, Aristoteles, verwys hubris na die arrogante ingesteldheid en optrede van indiwidue wat veroorsaak dat hulle dink hulle is beter as ander.

Mense wat vol hubris is, behandel ander met minagting. Omdat hulle geen respek het vir enigiemand nie, beledig en verkleineer hulle ander mense met wie hulle te doen kry. Moenie dat so-iets jou ooit oorkom nie.

Moenie neerkyk op ander nie. Moenie mense met jou woorde of gedrag seermaak nie. Dit is verkeerd. Dit hoort nie by die Here se mense nie. Kry alle vorms van hubris uit jou gestel deur saam met Paulus in Filippense 2 te leer om na ander rondom jou op te kyk. Dan dink en doen en leef jy soos Jesus. Dan het jy “the mindset of Christ,” soos wat een Engelse vertaling die woorde van Filippense 2:5 weergee.

***deur Stephan Joubert***

## Gemeente – Algemeen

-Dank GOD -Bid vir die eredienste; ons lidmate; Onbeperk en ons predikante

## Voorbidding vir lidmate

Lottie Conradie
Johnny Viviers
Annie Brink
Leonie Kruger
Jillian Jansen
Spokie Vorster
Pierre Pienaar
Juanita Rossouw
Marcel Holtzhausen
Tannie Nelie van Tonder
Thys van Tonder
Oom Piet Pretorius
Janine Vorster
Magda Olsen
Rina Roos
Eugene Craus
Bianca Nel
Adrie Carstens
Frelma Prinsloo

1 Die Here is my herder, ek kom niks kort nie.
2 Hy laat my rus in groen weivelde.
Hy bring my by waters waar daar vrede is.
3 Hy gee my nuwe krag.
Hy lei my op die regte paaie tot die eer van sy Naam.

PSALM 23

## Dank Gebede

-Dankie HERE vir elke nuwe dag wat U my skenk

-Dankie dat U, U **ENIGSTE SEUN** gestuur het om vir my aan die houtkruis te sterf

-Dankie HERE dat ek kan sit, opstaan, loop, lag, ruik, hoor, proe & omgee & dankie HERE dat U altyd saam met my die pad loop!

-Dankie my GOD vir elke gebed wat gebid word & vir elke gebed wat U verhoor. Dankie dat U ons hand nooit sal los nie.

- Dankie vir U ***wondergroot genade***...

- HERE, ek het U lief! AMEN

## Wees goed vir mekaar

“Moenie nalaat om goed te doen ... want dit is die offers wat vir God aanneemlik is.”

HEBREËRS 13:16

## Gedagte vir die week

Vir ewig, Here, staan u woord vas in die hemel.

PSALM 119:89

Byvoorbaat baie dankie vir jou dankoffer . . .
ABSA Sasolburg; Tjek Rekening
Rekno.: 0520580654
Takkode: 632005

Rig gebedsbulletin versoeke direk aan Deon Serfontein of handig by Kerkkantoor in